Hebr 3:7-18 Solank daar nog 'n vandag is.
22 November 2009
Danie Möller

Solank daar nog 'n vandag is

As jy moeg is, en krisis na krisis kom oor jou pad,gebeur daar iets met jou.
Of jy raak hard – jou hart word hard, Kom op punt dat jy nie meer omgee nie. Steek vas – emosionele oorlading wat lei tot hardheid.
Of jy word net so emosioneel moeg dat jy nie meer die energie het om om te gee nie.
Jy bestaan amper net ; kwyn amper net weg.
Of – jy ontdek die lewende God op 'n nuwe manier

Hebreërs – vertel van 'n Messias vir moeë mense
Die skrywer wou sy lesers help oor hoe om op te tree as hulle so voel.
Hy wil hulle help uit God se Woord. Vir daardie tyd, was dit die OT. (al in Grieks vertaal)
Die Heilige Gees herinner hom aan Ps 95.

Ps 95 gee 'n oorsig oor Israel se geskiedenis in die woestyn en verduidelik hoekom die eerste geslag Israeliete, die pioniers wat uit Egipte gevlug het, nooit die beloofde land bereik het nie. Net Josua en Kaleb het dit ingegaan, die ander is in die woestyn dood.

Hebreërs 3 vers 7-18 is 'n preek met Psalm 95:7-11 as teks.

Die gevaar van afval deur ongeloof

7 Luister daarom na wat die Heilige Gees sê:
"Vandag, as julle sy stem hoor,
8 moet julle nie
hardkoppig wees nie,
soos julle voorvaders toe hulle
in opstand gekom het
en My in die woestyn
op die proef gestel het.
9 Daar het hulle My op die proef
gestel en uitgetart,
hoewel hulle veertig jaar lank
gesien het
wat Ek vir hulle gedoen het.
10 Daarom het Ek 'n afkeer
van hierdie geslag gekry
en gesê:
'Met hulle hart is hulle gedurig
op 'n dwaalspoor,
hulle wou my paaie
nie leer ken nie.'

[11]Toe het Ek in my toorn
'n eed afgelê:
In my rus sal hulle beslis
nie ingaan nie."

Dit was Ps 95 en nou begin Hebreërs se preek.

[12]Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. [13]Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie. [14]Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het.

[15]Daarom word daar gesê:
"Vandag as julle sy stem hoor,
moet julle nie hardkoppig wees nie,
soos julle voorvaders toe hulle
in opstand gekom het."
[16]Wie was dit dan wat gehoor het en tog in opstand gekom het? Was dit nie hulle almal wat onder leiding van Moses uit Egipte getrek het nie? [17]En van wie het God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het en wie se dooie liggame in die woestyn agtergebly het nie? [18]Oor wie anders as dié wat ongehoorsaam was, het Hy 'n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie? [19]Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie.

<u>Woestyntye</u>
Die Psalmskrywer gee 'n prentjie van die volk daar in die woestyn:
Hulle was hardkoppig, het in opstand gekom, hulle harte was op 'n dwaalspoor en hulle wou nie God se paaie leer ken nie. Hulle was ongehoorsaam en agv hulle ongeloof kon hulle nie in God se rus ingaan nie.

Hebreërs se skrywer skryf nou hierdie brief vir sy lesers en vir ons vandag en sê: Ons moet leer uit die foute van die volk in die woestyn. Want soos Israel daar in die woestyn moeilike tye beleef het, beleef sy lesers en ons ook sekerlik moeilike tye. Israel het toe dit swaar gaan, vergeet van die wonderdade waarmee God hulle uit Egipte en in die woestyn gelei het. Hulle het selfs begin terugverlang na Egipte.

Ons moet leer en kan anders reageer op die woestyntye, die krisistye in ons lewens. *Julle moet nie soos die klomp in die woestyn wees nie – hulle het hard geword en die droom gemis.*

Israel het vir 40 jaar in die woestyn rond geswerf. Die getal veertig is in die Nuwe Testament 'n simboliese getal vir **<u>'n tyd van toetsing en voorbereiding</u>**. Jesus was vir 40 dae in die woestyn versoek (Matt 4:2). Die apostels was vir 40 dae na Jesus se opstanding voor sy Hemelvaart voorberei vir hulle werk in die wêreld (Hand 1:3) Dit kan ons help om die woestyntye in ons eie lewe ook in 'n ander perspektief te sien: dis tye van voorbereiding vir 'n beter toekoms.

Droogte en ontbering help om jou vir God se toekoms voor te berei.
Jy moet leer volhard (v14)

Ystererts, bros en vol onsuiwerhede, word hard en sterk wanneer dit geslaan, gesmelt en getemper word.

Jy kan jou woestyntye (swerftye) verkeerd hanteer.
Vers 12 sê dit gebeur as jou gesindheid verkeerd is.
Ontberings bring ongelukkig ook soms die ergste in mense na vore: hulle verloor hulle geloof in God en in hulle medemens.(v12)

Deel van swerf in die woestyn, is dat jy so maklik verdwaal.
Die misleiding van sonde(3:13) is veral 'n probleem as dit swaar gaan. Dan is daar net soveel versoekings.
In tye van ekonomiese agteruitgang, is tronke vol misdadigers, styg die egskeidingsyfer, raak meer mense chemies afhanklik, neem kindermishandeling en geweldsmisdade toe, en raak dit gerieflik om jou gewete toe te skroei.

Juis in sulke tye moet ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het. (v14), maw ons moet vashou aan ons basiese Christelike beginsels – want die versoekings is groot.

Doen jy dit nie, maar raak jy opstandig of ongelowig – is die gevolge erg. Ons mis ons doel.

Oppas vir die misleiding van die sonde – die gevolge is selfvernietigend:
Die skrywer gebruik weer Israel se storie as voorbeeld.
Hulle het teen God in opstand gekom. In Eksodus lees ons hoedat die volk skaars oor die Rooi See of 3 dae later begin hulle kla. (Eks 15:22) En dit gebeur weer en weer. Hulle steek mekaar op teen God en Moses se leierskap. En hulle maak en aanbid die goue kalf as vrugbaarheidsgod.
Baie kere het hulle hulleself sommer net aan die slegtigheid oorgegee.

Die Israeliete sou hierdie situasie anders kon hanteer. Hulle sou kon raaksien wat God vir hulle gedoen het, juis in daardie swaar tye. Die water uit die rots, die kwartels en manna, die wolk in die dag en die vuurkolom snags.
God het hulle gehelp om koers te hou as die een droë sandduin na die ander oneindig voor hulle uitgestrek het.

Goeie nuus:
Dis juis in tye wanneer ons dink God laat ons in die steek, dat Hy by ons is en ons lei en help om aan te gaan.
Die Israeliete het dit nie raakgesien nie, hulle het gerebelleer teen God en die uiteinde was dat hulle nie uit die woestyn sou kom nie. Vers 17 vertel hulle het nie die beloofde land ingegaan nie, maar hulle lyke is oor die woestyn verstrooi.
Uitdaging om koers te hou
In die woestyntye van ons lewe, is daar vier moontlikhede:
a. Ons kan moeg word. Oorgee, lam en verlam wegkwyn en nie meer omgee nie.
b. Ons kan hard word. Verbitter God uit ons lewe uitsluit
c. Ons kan verdwaal en wegdryf na 'n lewe ver van God
d. Ons kan vashou aan God en aan hoop en in hierdie moeilike omstandighede groei

Ek verstaan hoe groot die versoeking van die eerste drie is. Dit voel amper die natuurlike reaksie. Dit is juis hoekom hierdie hoofstuk geskryf is. Daar is ’n vierde moontlikheid.
Deel van die rede hoekom ons veral hard word in tye van swaarkry, is omdat ons dalk ’n verkeerde idee het oor God se rol in ons swaarkry.
In die OT tye is God gesien as die bron van alles. Maw ook alles wat sleg met my gebeur kom van God af. Dan is God ’n sadis.
In die tussen testamentêre tyd, het die siening baie sterker deurgekom dat die slegte goed deur die duiwel gedoen word en goeie goed deur God. So ’n dualistiese siening is eintlik skrikwekkend, want dan is daar tye en plekke waar God nie mag het nie en ek oorgelewer is aan Satan.
Baie van hierdie twee sienings is nog steeds deel van mense se denke, maar Jesus se koms het vir ons nuwe perspektief gebring. God is Koning oor die hele wêreld. Die mens het gesondig teen God se bevel en so die volmaakte skepping omvorm tot ’n gebroke wêreld vol met siekte en dood. Maar God het in sy genade ons nie sogelos nie. In Jesus Christus kom Hy om ons te red van hierdie ewige swaarkry en dood. Ons kan nou lewe met die hoop op ’n ewige lewe saam met God. Intussen gebruik God ook die slegte dinge wat deel is van hierdie wêreld en wat deel is van my lewe om my te vorm. Hy kan dinge ten goede laat uitwerk.

Daarom is daar die vierde moontlikheid. Daarom kan ons met hoop lewe al gaan dit bitter moeilik.

Drie vrae beklemtoon die erns van die situasie:

> Wie was dit wat gehoor het en tog in opstand gekom het?v16
> Van wie het God vir 40 jaar ’n afkeur gehad? v17
> Oor wie het Hy ’n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sal ingaan nie? v18

Die antwoord is elke keer: Mense wat al die kanse en geleenthede gehad het, maar ... mense wat dit verspeel het met opstand, sonde en ongehoorsaamheid.

In vers 7, 13 en 15 lees ons “vandag”
Vandag as julle sy stem hoor
Solank daar nog ’n vandag is.

Wat maak ons met vandag? Dis die tyd wat ons wag dat ons ontberings minder word, of liewer heeltemal moet ophou. Dit kan gesien word as die tyd tussen Jesus se eerste koms en sy terugkeer. As Hy terugkom, sal ons in sy rus ingaan (3:18,19)

“Vandag” sê ook daar is nog tyd, geleentheid. Maar die tyd gaan verby. Ons kan nie maar net aanhou uitstel nie. Vandag as jy sy stem hoor, is dit antwoord tyd.

Daarom is dit so belangrik dat ons ook ag slaan op Ps 97:7 se oproep: Vandag, as julle sy stem hoor .. vandag as jy hoor dat Jesus vir jou nuwe kanse en geleenthede gee. vandag as jy die geleentheid het om saam te trek en saam te werk in God se gemeente.

Vandag nooi Hy vir jou uit: "Kom na my toe, almal wat moeg en oorlaai is. Kom na my toe, Ek gee rus". Dalk is vandag die dag wat jy jou harde hart, of jou moeë hart vir God moet gee. Hy wil jou meer as rus gee. Hy wil jou hoop gee.

Jy kan positief optree in die aakligste omstandighede. Ons kan mekaar aanspoor.v13. en in ons geloof ondersteun, ons middele met mekaar deel en mekaar se laste dra.

Kyk mooi na Jesus. Dit is presies wat Hy vir ons gedoen het. Hy het sy lewe vir ons gegee, sodat ons kan oorleef. Sy woorde van lewende water verfris ons dorstige binneste. Hy het die las van ons oortredinge op hom geneem. Dit moet ons ook vir mekaar doen.

Want in die woestyn het ons net vir God en vir mekaar. Dis genoeg.

Hebr 3:12-18 Jesus: die stem wat wat ons van sinlose swaarkry weglok
Daar is sinlose swaarkry. Christus se stem roep ons egter op 'n weg wat ons dit wil spaar. Dit is as ons in hardkoppige ongehoorsaamheid nie na sy stem luister nie dat ons onsself bevind op 'n plek soortgelyk aan die woestyn waarin die volk vir 40 jaar lank moes ronddwaal. Om te luister na sy stem, neem ons egter op 'n pad waar dit nie ons lot is nie.

Praktyk: Ons moet onsself ondersoek of ons nie dalk vanweë soortgelyke eiesinnigheid as die Israeliete myself in hierdie woestyn van moedeloosheid bevind nie. Jesus se stem bied die weg uit hierdie doolhof.

Ps 95 Hy is ons God en ons is sy volk

95 Kom, laat ons jubel
tot eer van die Here,
laat ons juig oor die rots
by wie ons redding vind,
[2]laat ons na Hom toe gaan met lof,
laat ons Hom toejuig met lofsange,
[3]want die Here is die magtige God,
die groot koning oor al die gode.
[4]Die dieptes van die aarde
behoort aan Hom,
die kruine van die berge is Syne.
[5]Die see is Syne, Hy het dit gemaak;
sy hande het die land gevorm.
[6]Kom ons val in eerbetoon
voor Hom neer,
kom ons buig,
kom ons kniel voor die Here
ons Skepper!
[7]Hy is ons God en ons is sy volk,
sy kudde, sy skape,
deur sy hand versorg.
As julle vandag maar
na Hom wou luister:
[8]"Moenie hardkoppig wees
soos destyds by Meriba,
soos die dag by Massa
in die woestyn nie,
[9]waar julle voorvaders My uitgetart
en my geduld beproef het,
hoewel hulle gesien het
wat Ek gedoen het.
[10]Veertig jaar lank het Ek 'n weersin
in daardie geslag gehad,
Ek het gesê:
'Hulle is 'n moedswillige volk,
hulle wil my paaie nie ken nie.'

[11]Daarom het Ek in my toorn
’n eed afgelê
dat hulle nooit sou uitkom
by die rusplek
wat Ek hulle wou gee nie.”